

PROVINSIE
WES-KAAP



PROVINCE OF
WESTERN CAPE

Buitengewone Provinsiale Koerant Provincial Gazette Extraordinary

P.K./P.N. No. 415

1 SEPTEMBER 2000

No. 5576

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

INHOUD

(*Herdrukke is verkrygbaar by Kamer 12-06, Provinsiale-gebou, Dorpsstraat 4, Kaapstad 8001.)

No.		Bladsy
	Provinsiale Kennisgewing	
415	Provinsie Wes-Kaap: Beleid vir die vestiging van landbouhoewes in die stedelike soomgebied	2

Registered at the Post Office as a Newspaper

CONTENTS

(*Reprints are obtainable at Room 12-06, Provincial Building, 4 Dorps Street, Cape Town 8001.)

No.		Page
	Provincial Notice	
415	Province of Western Cape: Policy for the establishment of agricultural holdings in the urban fringe	2

PROVINSIALE KENNISGEWING

Die volgende Provinsiale Kennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

L. D. BARNARD,
DIREKTEUR-GENERAAL

Provinsiale-gebou,
Waalstraat,
Kaapstad.

P.K. 415/2000

1 September 2000

PROVINSIE WES-KAAP:

**BELEID VIR DIE VESTIGING VAN
LANDBOUHOEWES IN DIE STEDELIKE SOOMGEBIED**

September 2000

INHOUD

	Bladsy
1. INLEIDING	3
2. DOEL	3
3. PROVINSIALE BELEIDSVEREISTE	4
4. OMVANG VAN DIE BELEID	4
5. BELEIDSBEGINSELS	4
6. ALTERNATIEWE BOERDERYMODELLE	5
7. FINANSIERINGSBRONNE	5
8. VERANTWOORDELIKE PARTYE	6
9. GRONDONTWIKKELINGSBEPLANNING VIR DIE STEDELIKE SOOMGEBIED	7
10. RIGLYNE VIR DIE STIGTING VAN LANDBOUHOEWES...	7
11. VOORBEREIDINGSPROSES VIR DIE PROJEK	9
12. PROSEDURES VIR AANSOEKE EN GOEDKEURING	10
13. VERANTWOORDELIKHEDE VAN STATUTÊRE OWER- HEDE	11
13.1 Provinsiale Regering	11
13.2 Distriksmunisipaliteite	11
13.3 Plaaslike en Metropolitaanse Munisipaliteite	12
14. SLOTSOM	12
Addendum A: Riglyne vir die Opstel van 'n Besigheidsplan	12

WOORDOMSKRYWINGS

Distriksmunisipaliteit: 'n Munisipaliteit wat munisipale uitvoerende en wetgewende gesag het in 'n gebied wat meer as een munisipaliteit insluit, en wat in artikel 155(1) van die Grondwet beskryf word as 'n kategorie C munisipaliteit.

Geïntegreerde Ontwikkelingsplan: 'n Ontwikkelingsplan wat handel met die integrering van verskillende strategieë en sektorale planne in verband met ontwikkeling, soos ekonomiese, ruimtelike, sosiale, infrastrukturele, behuisings-, institusionele, fiskale, grondhervormings-, vervoer-, omgewings-, en waterplanne, om die optimale toekenning van skaars hulpbronne in 'n bepaalde geografiese gebied te verkry, en omvat dit 'n geïntegreerde ontwikkelingsplan, soos in Artikel 10B van die Oorgangswet op

PROVINCIAL NOTICE

The following Provincial Notice is published for general information.

L. D. BARNARD,
DIRECTOR-GENERAL

Provincial Building,
Wale Street,
Cape Town.

P.N. 415/2000

1 September 2000

WESTERN CAPE PROVINCE:

**POLICY FOR THE ESTABLISHMENT OF
AGRICULTURAL HOLDINGS IN THE URBAN FRINGE**

September 2000

CONTENTS

	Page
1. INTRODUCTION	3
2. AIM	3
3. PROVINCIAL POLICY REQUIREMENT	4
4. SCOPE OF THE POLICY	4
5. POLICY PRINCIPLES	4
6. ALTERNATIVE FARMING MODELS	5
7. FUNDING SOURCES	5
8. RESPONSIBLE PARTIES	6
9. URBAN FRINGE LAND DEVELOPMENT PLANNING	7
10. GUIDELINES FOR THE ESTABLISHMENT OF AGRICULTURAL HOLDINGS	7
11. PROJECT PREPARATION PROCESS	9
12. APPLICATION AND APPROVAL PROCEDURES	10
13. STATUTORY AUTHORITY RESPONSIBILITIES	11
13.1 Provincial Government	11
13.2 District Municipalities	11
13.3 Local and Metropolitan Municipalities	12
14. CONCLUSION	12
Addendum A: Guidelines for the Drafting of a Business Plan ...	12

DEFINITIONS

Agricultural holdings: Land portions on which commercial, project-based or community farming ventures are undertaken.

Commercial Agriculture: Full time farming ventures undertaken by an individual or a business entity for a profit motive.

Community Agriculture: Part time farming ventures undertaken collectively by members of a community under the auspices of a legal entity that is representative of the participating members. The motive may be food and/or income supplementation, skills training, or for subsistence purposes.

District Municipality: Means a municipality that has municipal executive and legislative authority in an area that includes more than one municipality,

	Plaaslike Regering, 1993 (Wet 209 van 1993), omskryf.
Gemeenskapsboerdery:	Deeltydse boerdery-ondernemings wat gesamentlik deur lede van 'n gemeenskap bedryf word onder beskerming van 'n regsliggaam wat verteenwoordigend is van die deelnemende lede. Die motief kan voedsel- en/of inkomste aanvulling wees, of voorsiening van bestaansmiddele.
Kommersiële boerdery:	Voltydse boerdery-ondernemings wat deur 'n individu of 'n besigheid met 'n winsmotief bedryf word.
Landbouhoewes:	Gedeeltes grond waarop kommersiële, projekgebaseerde of gemeenskapsboerdery-ondernemings bedryf word.
Metropolitaanse Munisipaliteit:	'n Munisipaliteit wat eksklusiewe uitvoerende en wetgewende gesag in sy gebied het, en wat in artikel 155(1) van die Grondwet beskryf word as 'n kategorie A munisipaliteit.
Munisipaliteit:	'n Plaaslike Munisipaliteit of 'n Metropolitaanse Munisipaliteit of 'n Distriksmunisipaliteit, soos omskryf in die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998).
Plaaslike Munisipaliteit:	'n Munisipaliteit wat munisipale uitvoerende en wetgewende gesag in sy gebied deel met 'n distriksmunisipaliteit in wie se gebied hy geleë is, en wat in artikel 155(1) van die Grondwet beskryf word as 'n kategorie B munisipaliteit.
Projekgebaseerde boerdery:	Kleinskaalse boerdery-ondernemings wat deur individue of groepe individue bedryf word en wat gesamentlik deel vorm van 'n groter boerderyprojek wat bestuur word deur 'n regsliggaam wat verteenwoordigend is van die deelnemende lede. Die motief vir die projek kan wins, nuwe boerderyopleiding, inkomste aanvulling of 'n kombinasie van hierdie aspekte wees.
Sektorale plan:	'n Skriftelike strategie of plan wat hoofsaaklik met een van die sektore of elemente of bepaalde onderwerpe wat deel vorm van 'n geïntegreerde ontwikkelingsplan, handel en kan 'n ruimtelike, ekonomiese, grondhervormings-, omgewings-, behuisings-, water- of vervoerplan wees.
Stedelike soomgebied:	Die ruimtelike oorgangsarea wat tussen die beboude gebied van 'n dorp/stad en die omliggende landelike gebiede lê. Hierdie gebied vorm 'n skakel tussen die kern van gekonsentreerde bevolking en aktiwiteite aan die een kant en 'n reeks verspreide aktiwiteite wat afhanklik is van natuurlike hulpbronne aan die ander kant. Die gebied word gekenmerk deur druk vir beide stedelike en landelike ontwikkeling.

1. INLEIDING

Dit is die visie van die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap dat toegang tot grond in die soomgebied van stedelike areas en landelike dorpe, asook die benutting daarvan, tot volhoubare landbou en stedelike ontwikkeling sal bydra.

2. DOEL

Die beleid streef daarna om geleenthede vir aspirant boere te skep om grond in die stedelike soomgebied te bekom en landbouhoewes daar te ontwikkel en om te verduidelik hoe munisipaliteite die benutting van hierdie geleenthede kan bevorder.

and which is described in section 155(1) of the Constitution as a category C municipality.

Integrated Development Plan:

A development plan which deals with the integration of different strategies and sectoral plans relating to development, such as economic, spatial, social, infrastructural, housing, institutional, fiscal, land reform, transport, environmental and water plans, to attain the optimal allocation of scarce resources in a particular geographic area, and includes an integrated development plan as defined in section 10B of the Local Government Transition Act, 1993 (Act 209 of 1993).

Local Municipality:

Means a municipality that shares municipal executive and legislative authority in its area with a district municipality within whose area it falls, and which is described in section 155(1) of the Constitution as a category B municipality.

Metropolitan Municipality:

Means a municipality that has exclusive executive and legislative authority in its area, and which is described in section 155(1) of the Constitution as a category A municipality.

Municipality:

A Local Municipality or a District Municipality or a Metropolitan Municipality as described in the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act 117 of 1998).

Project-based agriculture:

Small scale farming ventures undertaken by individuals or groups of individuals that collectively form part of a larger agriculture project which is managed by a legal entity representative of the participating members. The motive of the project may be profit making, new farmer training, income supplementation or a combination of these objectives.

Sectoral Plan:

A written strategy or plan which deals mainly with one of the sectors or elements or particular subjects that form part of an integrated development plan and which may be a spatial, economic, land reform, environmental, housing, water or transport plan.

Urban fringe:

The spatial transition area located between the built-up area of a town/urban centre and its rural hinterland. This zone links a core of concentrated population and activities with a set of dispersed activities dependent on natural resources. It is an area characterized by both urban and rural development pressures.

1. INTRODUCTION

It is the vision of the Provincial Government of the Western Cape that access to land on the fringe of urban areas and rural towns, and its utilization, will contribute to sustainable agricultural and urban development.

2. AIM

The policy aims at creating opportunities for aspirant farmers to access land and develop agricultural holdings in the urban fringe, and explain how municipalities can manage the implementation of these opportunities.

3. PROVINSIALE BELEIDSVEREISTE

Die behoefte aan provinsiale beleidsriglyne met betrekking tot die prosedure en praktyke waarvolgens landbouhoewes in die stedelike soomgebied ontwikkel kan word, spruit uit die volgende:

- (i) Die behoefte aan kongruensie tussen die omstandighede in die Wes-Kaap en verskeie nasionale inisiatiewe (d.i. Witskrif op Grondbeleid, 1997; Wet op die Transformasie van Sekere Landelike Gebiede, 1998) wat die stedelike soomgebied en veral grond wat as dorpsmeente afgebaken is, identifiseer as gebiede waarbinne grondhervormings-oogmerke verwesentlik kan word. Loodsprojekte is van stapel gestuur, prosedures vir teiken begunstigdes om aansoek te doen vir grond is vasgestel en finansieringsbronne vir toelaes is beskikbaar. Provinsiale riglyne vir die implementering van hierdie inisiatiewe is vir die volgende redes nodig:
 - (a) Teiken begunstigdes (d.i. aspirant boere wat uit die voorheen agtergeblewe gemeenskappe getrek word) en direk betrokke partye (d.i. administrateurs van grond, grondeienaars en verskaffers van dienste) in die Wes-Kaap het nie betekenisvol deelgeneem aan die formulering van die nasionale inisiatiewe nie. Boonop was min aspirant boere in die provinsie tot dusver in staat om landbougrond te bekom.
 - (b) Sommige voorstelle van die nasionale inisiatiewe is nie ten volle versoenbaar met die omstandighede in die Wes-Kaap nie, veral in landbougebiede met unieke klimaats- en verbouings-eienskappe.
- (ii) Grond in die soomgebiede van die meeste dorpe in die Wes-Kaap ondervind aansienlike ontwikkelingsdruk. Stedelike groei speel oor na omliggende boerderygebiede, landbougrond in die soomgebied word meer intensief benut en baie mense wat voorheen beperkte toegang tot landbougrond gehad het, is op soek na gebiede rondom Wes-Kaapse dorpe waar hulle die landbousektor kan betree. Daar is dus 'n behoefte om sekere leemtes in provinsiale ontwikkelingsbeleid ten opsigte van die optimale toekenning en gebruik van landbougrond in die stedelike soomgebied, te vul.
- (iii) Die behoefte om stedelike en landelike beplanningsinisiatiewe binne die soomgebied, op provinsiale vlak te koördineer.
- (iv) Die behoefte om teiken begunstigdes en sleutel rolspelers op grondvlak by besluitneming en ontwikkelingsprosesse te betrek.

4. OMVANG VAN DIE BELEID

Die beleid:

- (i) reageer in die eerste plek op die verskeidenheid van behoeftes aan landbougrond in die soomgebiede van Wes-Kaapse dorpe;
- (ii) streef daarna om die volhoubare benutting van landbou hulpbronne en grond in die stedelike soomgebiede te verseker;
- (iii) integreer die behoeftes vir landbougrond met ander grondgebruik behoeftes in die soomgebiede; en
- (iv) inkorporeer oorwegings vir omgewingsbestuur by grondontwikkelingsbeplanning in die soomgebiede.

5. BELEIDSBEGINSELS

Die beleid is op die volgende beginsels gebaseer:

- (i) **Keuse**—As gevolg van die verskeidenheid van landboukundige en vestigingsomstandighede in die verskillende distrikte van die Wes-Kaap, sowel as die verskeidenheid van grondbehoefes van aspirant en gevestigde boere, behoort daar 'n keuse van opsies te wees vir die vestiging van landbouhoewes.
- (ii) **Regverdige en Deursigtigheid**—Regverdige en deursigtige prosesse is nodig vir die identifisering van en konsultasie oor alternatiewe, sowel as by besluitneming oor toepaslike opsies.

3. PROVINCIAL POLICY REQUIREMENT

The need for provincial policy guidelines with respect to the procedures and practices by which agricultural holdings can be developed in the urban fringe, stems from the following:

- (i) The need for congruence between Western Cape circumstances and several national initiatives (i.e. White Paper on Land Policy, 1997; Act on the Transformation of Certain Rural Areas, 1998) which identify the urban fringe, especially land delineated as commonages, as an area in which land reform objectives can be realized. Pilot projects have been launched, procedures for target beneficiaries to apply for land are in place, and grant funding sources are available. Provincial guidelines on the implementation of these initiatives are required.
 - (a) Target beneficiaries (that is aspirant farmers drawn from the previously disadvantaged communities) and directly involved parties (that is administrators of land, landowners and providers of services) in the Western Cape did not meaningfully participate in the formulation of the national initiatives. In addition to that, very few aspirant farmers in the province were up to now able to acquire agricultural land.
 - (b) Some of the proposals of the national initiatives are not fully reconcilable with the circumstances in the Western Cape, especially in agricultural areas with unique climatic and cultivation characteristics.
- (ii) Land on the fringe of most Western Cape towns is under considerable development pressure. Urban growth is encroaching into surrounding farming areas, agricultural land in the urban fringe is being more intensively utilized, and many who were previously restricted in their access to farming land are seeking locations around Western Cape towns from where they can enter the agricultural sector. There is thus a need to fill certain gaps in provincial development policies regarding how farm land can be optimally allocated and used in the urban fringe.
- (iii) The need to co-ordinate urban and rural planning initiatives within the urban fringe at provincial level.
- (iv) The need to involve target beneficiaries and key stakeholders in decision-making and development processes at grass roots level.

4. SCOPE OF THE POLICY

The policy:

- (i) responds primarily to the variety of farming land needs on the fringe of Western Cape towns;
- (ii) strives to ensure the sustainable utilisation of agricultural resources and land in the urban fringe;
- (iii) integrates farming land needs with other urban fringe land use requirements; and
- (iv) incorporates environmental management considerations into land development planning in the urban fringe.

5. POLICY PRINCIPLES

The Policy is based on the following principles:—

- (i) **Choice:** Due to the variety of agricultural and settlement circumstances in the different districts of the Western Cape as well as the diversity of land needs of aspirant and established farmers, options should be available for the establishment of agricultural holdings.
- (ii) **Justness and Transparency:** Just and transparent processes are required for the identification of and consultation on alternatives, and decision making about applicable options.

- (iii) **Bekostigbaarheid**—Opsies vir die vestiging van landbouhoewes behoort bekostigbaar te wees vir die teiken begunstigdes.
- (iv) **Uitvoerbaarheid**—Dit behoort uitvoerbaar vir munisipaliteite te wees om geskikte vlakke van dienste te voorsien aan landbouhoewes wat in die stedelike soomgebied gevestig word en om gepaardgaande gebruikersfooi te verhaal.
- (v) **Integrasie**—Landbouhoewes behoort ruimtelik geïntegreer te word met ander grondgebruike in die stedelike soomgebied en die vestiging van nuwe boere behoort strategies ingesluit te word in die munisipaliteit se Geïntegreerde Ontwikkelingsplan.
- (vi) **Volhoubaarheid**—Landbouhoewes wat in die stedelike soomgebied gevestig word, behoort in staat te wees om volgehoue lewensmiddele vir die nuwe boere te voorsien en moet bydra tot die versterking van die landbousektor.
- (vii) **Omgewingsbewaring**—Die verkose landbou-opsie moet die integriteit van beide die natuurlike en die beboude omgewing van die Wes-Kaap bewaar.
- (viii) **Koste-effektiwiteit**: Aangesien die behoeftes vir ontwikkeling die huidige bronne oorskrei, word koste-effektiwiteit vereis by die vestiging van nuwe boere.

6. ALTERNATIEWE BOERDERYMODELLE

Daar is verskillende tipes van landbouhoewes wat in die stedelike soomgebied gevestig kan word. Plaaslike behoeftes en omstandighede sal bepaal watter hiervan toepaslik is. Die alternatiewe boerderymodelle kan onderskei word na aanleiding van die volgende kriteria:

- (i) **Tipe Onderneming**—Daar kan basies onderskei word tussen kommersiële, projekgebaseerde en gemeenskapsboerdery-ondernemings. Verskillende ondernemings kan verskillende operasionele doelwitte hê (bv. maksimalisering van winste, voorsiening van huishoudelike voedsel, ontwikkeling van vaardighede, ens.). Beide projekgebaseerde en gemeenskapsboerdery-ondernemings val binne die gebied van die Grondhervormingsprogram.
- (ii) **Tipe Boerdery**—Grondgebaseerde of nie-grondgebaseerde (bv. pluimvee) boerdery-aktiwiteite, of 'n kombinasie van die twee, kan op 'n landbouhoeve onderneem word.
- (iii) **Vestiging**—Landbouhoewes is primêr bedoel vir boerdery doeleindes en dus sal die omvang van permanente vestiging beperk wees volgens die plaaslike toestand.
- (iv) **Verblyf**—Landbouhoewes kan gevestig word op grond wat in openbare of private besit is. Die verblyfsekuriteit van die persone wat daarop boer, sal bepaal word in terme van hulle besitreg van die grond, huurregte, of 'n ooreenkoms waardeur aan hulle voorwaardelike gebruiksregte toegestaan word.
- (v) **Ligging**—Landbouhoewes op grond in openbare besit in die stedelike soomgebied, kan gevestig word op bestaande of nuwe munisipale meentgrond, of op bestaande of onderverdeelde gedeeltes van staats-, provinsiale of munisipale grond. Wat grond in privaatbesit betref, kan landbouhoewes gevestig word op bestaande of onderverdeelde gedeeltes van plase.

7. FINANSIERINGSBRONNE

Die mate waarin die verskillende boerderymodelle in die Wes-Kaap geïmplementeer kan word, hang af van die verkryging van die nodige fondse. Die beskikbaarheid van fondse sal wissel na gelang van heersende monetêre en fiskale omstandighede. Daar is geen waarborg dat fondse bekom sal kan word om 'n sekere verkose boerderymodel te implementeer nie.

Afhangende van die aard van die voorgestelde landbouhoeve(s), is alternatiewe befondsingsbronne beskikbaar vir doeleindes van gemeenskapsfasilitering en kapasiteitsbou, beplanning, grondverkryging en projek ontwikkeling. Die verskillende befondsingsbronne wat hiervoor benut kan word, sluit die volgende in:

- (iii) **Affordability**: Options for the establishment of agricultural holdings should be affordable for the target beneficiaries.
- (iv) **Feasibility**: It should be feasible for municipalities to provide appropriate levels of services to agricultural holdings established in the urban fringe and recoup associated user charges.
- (v) **Integration**: Agricultural holdings should be spatially integrated with other urban fringe land uses, and new farmer establishment should be strategically incorporated into the municipality's Integrated Development Plan.
- (vi) **Sustainability**: Agricultural holdings established in the urban fringe should be able to sustain a livelihood for new farmers and contribute to the strengthening of the agricultural sector.
- (vii) **Environmental Conservation**: The selected farming option should conserve the integrity of both the natural and built environment of the Western Cape.
- (viii) **Cost Effectiveness**: As development needs out-weigh current resources, cost-effective means of new farmer establishment are required.

6. ALTERNATIVE FARMING MODELS

There are various kinds of agricultural holdings that can be established in the urban fringe. Local needs and circumstances will determine what options are appropriate. The alternative farming models can be differentiated in terms of the following criteria:

- (i) **Type of Venture**: A basic distinction can be made between commercial, project-based and community agricultural ventures. Each venture may have different operating objectives (e.g. profit maximisation, household food supplementation, skills development, etc). Both project-based and community ventures fall within the scope of the Land Reform Programme.
- (ii) **Type of Farming**: Soil based or non-soil based (e.g. poultry) farming activities or a combination of the two, may be undertaken on the agricultural holding.
- (iii) **Settlement**: Agricultural holdings are primarily intended for farming purposes and the extent of permanent settlement permissible on such land will be restricted in line with local conditions.
- (iv) **Tenure**: Agricultural holdings may be established on land in public or private ownership. The tenure of those farming the land may be secured in terms of their ownership of the land, leasehold rights, or an agreement granting them conditional usage rights.
- (v) **Locality**: Agricultural holdings on publicly owned land in the urban fringe may be established on existing or new municipal commonages, or on existing or sub-divided portions of state, provincial or municipal land. In terms of privately held land, agricultural holdings may be established on existing or subdivided farm portions.

7. FUNDING SOURCES

The extent to which the various farming models can be implemented in the Western Cape is dependent on securing the required funding. The availability of funds will vary according to monetary and fiscal circumstances prevailing at the time. There are no guarantees that funds can be secured to implement a preferred farming model.

Depending on the nature of the agricultural holding/s proposed, alternative sources of funding are available for community facilitation and capacity building, planning, land acquisition and project development purposes. The various sources of finance that can be raised for these purposes include the following:

(i) Gemeenskapsfasilitering en Kapasiteitsbou

Vir landbou-ondernemings wat binne die omvang van die Grondhervormingsprogram val, kan by die Provinsiale Direkteur van die Departement van Grondsake aansoek gedoen word vir 'n toelae om fasiliteringsdienste en/of opleiding en kapasiteitsbou te finansier.

(ii) Beplanning

In terme van die gekoördineerde grondontwikkelingsbeplanning van die totale stedelike soomgebied, kan munisipaliteite fondse uit hulle eie begrotings toesê vir hierdie doel of hulle kan by die provinsiale regering aansoek doen vir finansiële bystand. In terme van befondsing vir beplanning van spesifieke projekte wat binne die raamwerk van die Grondhervormingsprogram val, kan by die Provinsiale Direkteur van die Departement van Grondsake aansoek gedoen word vir 'n Vestigingsbeplanningtoelae. Verder het munisipaliteite en/of die provinsiale regering die diskresie om fondse te bewillig vir die beplanning van loodsprojekte of voorkeur grondhervormingsprojekte.

(iii) Verkryging van Grond

Munisipaliteite wat grond in die stedelike soomgebied wil bekom vir die vestiging van 'n munisipale meent of uitbreiding van 'n bestaande meent, kan by die Provinsiale Direkteur van die Departement van Grondsake aansoek doen om 'n toelae vir die verkryging van grond vir 'n munisipale meent.

Finansieringslenings kan ook van private bronne verkry word vir persone wat grond wil koop om 'n kommersiële boerdery-onderneming te vestig. Histories agtergeblewenes en behoeftiges wat toegang verlang tot produktiewe landbou hulpbronne kan by die Provinsiale Direkteur van die Departement van Grondsake aansoek doen vir 'n Vestigings-/Grondverkrygingstoelaag. Ongeag die aard van die voorgestelde boerdery-onderneming, sal openbare grond wat vir afset beskikbaar is, teen markpryse verkoop word.

(iv) Projek Ontwikkeling

Enige Vestigingsbeplanningstoelaag fondse wat oorbly nadat die grond betaal is, kan aangewend word vir die ontwikkeling van die projek, maar nie vir die koste van hoofmaatsdiensvoorsiening nie. Privaat befondsing sal gevind moet word vir enige tekort in ontwikkelingskoste van 'n grondhervormingsprojek.

(v) Dispuutbeslegting

Vir bystand in die beslegting van dispute in grondhervormingsprojekte, kan aansoek gedoen word by die Provinsiale Direkteur van die Departement van Grondsake om die aanstelling van 'n bemiddelaar of arbiter te finansier.

8. VERANTWOORDELIKE PARTYE

Landbouhoewes in die stedelike soomgebied, hetsy kommersiële, projekgebaseer of gemeenskap ondernemings, kan gevestig word in ooreenstemming met aanvraag of aanbod gedrewe inisiatiewe. Die verantwoordelikheid vir beplanning, ontwikkeling en bestuur van projekte sal wissel na gelang van watter boerderymodel voorkeur geniet en die kapasiteit van organisasies en individue wat betrokke is.

By kommersiële boerdery-ondernemings is die individu of korporatiewe liggaam wat die projek voorstel, die verantwoordelike party. Vir projekgebaseerde of gemeenskap boerdery-ondernemings is die regsinstelling wat die projek of gemeenskap begunstigdes verteenwoordig, die verantwoordelike party. Gesamentlike ondernemings tussen teiken begunstigdes, die publiek en/of die private sektor kan aangegaan word vir die implementering van grondhervormingsprojekte.

In alle gevalle moet die verantwoordelike partye konsulteer met belanghebbende en betrokke partye en hulle het die diskresie om agente (bv. nie-regerings organisasies of konsultante) aan te stel om namens hulle op te tree.

(i) Community Facilitation and Capacity Building

For agricultural ventures falling within the ambit of the Land Reform Programme, application can be made to the Provincial Director of the Department of Land Affairs for a grant to finance facilitation services and/or training and capacity building services.

(ii) Planning

In terms of the co-ordinated land development planning of the entire urban fringe, municipalities can allocate funds out of their own budgets for this purpose or request financial assistance from the provincial authority. In terms of funding the planning of specific projects falling within the ambit of the Land Reform Programme, application can be made to the Provincial Director of the Department of Land Affairs for a Settlement Planning Grant. Furthermore municipalities and/or the provincial authority have the discretion to allocate funds for the planning of pilot or priority land reform projects.

(iii) Land Acquisition

Municipalities who wish to acquire land in the urban fringe for the establishment of a municipal commonage, or the extension of an existing commonage, can apply to the Provincial Director of the Department of Land Affairs for a grant for the acquisition of land for municipal commonage.

Loan finance can be raised from private sources for those wishing to buy land to undertake a farming venture. For the historically disadvantaged and the poor wishing to access productive agricultural resources an application can be made to the Provincial Director of the Department of Land Affairs to access the Settlement/Land Acquisition Grant. Irrespective of the type of farming venture proposed, public land earmarked for disposal will be sold at market prices.

(iv) Project Development

Any Settlement Planning Grant finance remaining after the land has been paid for can be applied towards project development costs, but not the cost of bulk services provision. Private funding will have to be raised for any shortfall in project development costs of a land reform project.

(v) Dispute Resolution

To assist in resolving conflicts in land reform projects, application can be made to the Provincial Director of the Department of Land Affairs to fund the appointment of a mediator or arbitrator.

8. RESPONSIBLE PARTIES

Agricultural holdings in the urban fringe, be they commercial, project-based or community ventures, may be established in accordance with demand or supply driven initiatives. The responsibility for planning, developing and managing projects will vary according to what the preferred farming model is and the capacity of organisations and individuals involved.

For commercial farming ventures the responsible party is the individual or corporate entity proposing the project. For project-based or community farming ventures, the responsible party is the legal institution representative of the project or community beneficiaries. Joint ventures between target beneficiaries, the public and/or the private sector may be undertaken for the implementation of land reform projects.

In all cases the responsible parties must consult with interested and affected parties, and they have the discretion to appoint agents (e.g. non-governmental organisations or consultants) to act on their behalf.

In ooreenstemming met die ontwikkelingsrol van munisipaliteite, moet hulle verseker dat hulle pro-aktief kan reageer op die diverse eise vir landbougrond in die stedelike soomgebied en dat hulle sulke eise kan hanteer.

9. GRONDONTWIKKELINGSBEPLANNING VIR DIE STEDELIKE SOOMGEBIED

Om munisipaliteite by te staan om die uiteenlopende ontwikkelingsdruk op grond in die Wes-Kaap pro-aktief te hanteer, word gekoördineerde grondontwikkelingsbeplanning van die stedelike soomgebied vereis. Die opstel van 'n Sektorale Plan, soos uiteengesit in die Wes-Kaapse Wet op Beplanning en Ontwikkeling, 1999 (Wet 7 van 1999), is die toepaslike meganisme vir vooruit beplanning waarvolgens munisipaliteite die ontwikkeling van die stedelike soomgebied kan hanteer.

Vooraf opgestelde struktuurplanne wat nie spesifiek die ontwikkeling van die stedelike soomgebied insluit nie, moet op datum gebring en aangepas word om hierdie tekortkoming reg te stel. Die opstel van die Sektorale Plan moet deelneemend wees en moet onder andere die volgende aspekte aanspreek:

- (i) Afbakening van die beplanningsarea van die stedelike soomgebied as alle grond rondom die beboude area wat onderhewig is aan ontwikkelingsdruk of waarskynlik daaraan onderhewig sal wees. Waar die stedelike soomgebied verder strek as die munisipale grens, moet die aangrensende munisipaliteite betrek word by 'n gesamentlike beplanningsproses.
- (ii) Opname van die landbou hulpbronne (bv. grond, water, klimaat) in die stedelike soomgebied. Hiermee kan die provinsiale Departement van Landbou die munisipaliteit bystaan.
- (iii) Opname van beboude en natuurlike omgewings-eienskappe en stelsels in die stedelike soomgebied.
- (iv) Opname van landboubedrywighede en ander nie-boerdery grondgebruike (bv. kleinhoewe gebiede, steengroewe, ontspanningsgebiede, ens.) binne die stedelike soomgebied.
- (v) Opname van infrastruktuur-fasiliteite en -stelsels binne die stedelike soomgebied en 'n bepaling van hulle kapasiteit.
- (vi) Vasstelling van die ruimtelike vereistes van stedelike groei en die mate waarin groei geakkommodeer kan word binne die stedelike gebied (d.i. deur invul en verdigting) en/of binne die stedelike soomgebied (d.i. deur uitbreiding).
- (vii) Vasstelling van nie-stedelike grondgebruik vereistes binne die stedelike soomgebied.
- (viii) Geïntegreerde grondontwikkelingsbeplanning van die stedelike soomgebied om te verseker dat:
 - (a) stedelike uitbreiding gestruktureerd is en weg van die sensitiewe omgewingsgebiede en landbougrond gerig is;
 - (b) landbou hulpbronne bewaar word;
 - (c) omgewingsbronne bewaar word as deel van 'n geïntegreerde stelsel van oop ruimtes;
 - (d) dit moontlik is om toepaslike vlakke van dienste te verskaf aan die verskillende grondgebruike in die stedelike soomgebied wat geakkommodeer moet word; en
 - (e) toekennings van grondgebruik binne die stedelike soomgebied aanpasbaar en volhoubaar is.

Voorstelle wat voortvloei uit hierdie beplanningsproses moet aandag skenk aan die benutting van bestaande munisipale meentgronde en/of die moontlike skepping van nuwe meentgebiede as 'n manier om die toetreding van nuwe boere tot die mark te fasiliteer.

10. RIGLYNE VIR DIE STIGTING VAN LANDBOUHOEWES

Die proses vir die opstel van 'n Sektorale Plan, soos hierbo uiteengesit is, gee riglyne oor waar landbouhoewes binne die stedelike soomgebied

In line with their developmental role, municipalities should ensure that they can pro-actively respond to and manage the diverse demands for farming land in the urban fringe.

9. URBAN FRINGE LAND DEVELOPMENT PLANNING

To assist municipalities in pro-actively managing the diverse development pressures on land surrounding Western Cape towns, co-ordinated land development planning of the urban fringe is required. The compilation of a Sectoral Plan as set out in the Western Cape Planning and Development Act, 1999 (Act 7 of 1999), is the appropriate forward planning mechanism through which municipalities can manage the development of the urban fringe.

Previously compiled structure plans which do not explicitly deal with urban fringe development issues, should be updated and modified to address this shortcoming. The compilation of the Sectoral Plan must be participatory and should address, inter alia, the following aspects:

- (i) Demarcation of the urban fringe planning area as all land surrounding the built-up area that is, or is likely to be, subject to development pressures. Where the urban fringe extends beyond the municipal boundary, the neighbouring municipality must be involved in the joint planning process.
- (ii) Survey of agricultural resources (e.g. soils, water, climate) in the urban fringe. The provincial Department of Agriculture can assist municipalities with this task.
- (iii) Survey of built and natural environmental features and systems in the urban fringe.
- (iv) Survey of agricultural activities and other non-farming land uses (e.g. smallholding areas, quarries, recreation areas, etc.) within the urban fringe.
- (v) Survey of infrastructural facilities and systems within the urban fringe and an assessment of their capacities.
- (vi) Determination of the spatial requirements of urban growth and the extent to which growth can be accommodated within the urban area (i.e. through infill and densification) and/or in the urban fringe (i.e. through expansion).
- (vii) Determination of non-urban land use requirements within the urban fringe.
- (viii) Integrated land development planning of the urban fringe so as to ensure that:
 - (a) urban expansion is structured and directed away from environmentally sensitive areas and farming land;
 - (b) agricultural resources are reserved;
 - (c) environmental resources are protected as part of integrated open-space systems;
 - (d) appropriate levels of services can feasibly be supplied to the various urban fringe land uses that need to be accommodated; and
 - (e) land use allocations within the urban fringe are compatible and sustainable.

Proposals emanating from this planning process should give attention to the utilization of existing municipal commonages and/or the possible establishment of new commonages as a means of facilitating the entry of new farmers into the market.

10. GUIDELINES FOR THE ESTABLISHMENT OF AGRICULTURAL HOLDINGS

The Sectoral Plan compilation process outlined above provides guidance on where agricultural holdings could be established in the urban fringe.

gevestig kan word. Om munisipaliteite te help om te verseker dat landbouhoewes op 'n volhoubare basis gevestig word, sal die volgende bestuursriglyne van toepassing wees:

(i) **Kriteria vir Ligging**

Landbouhoewes en gebruike, hetsy as 'n kommersiële of 'n grondhervorming-onderneming, behoort slegs gevestig te word op grond wat die volgehoute benutting van landbou hulpbronne kan dra. Daarenteen behoort nie-boerdery grondgebruike in die stedelike soomgebied nie toegelaat te word op sodanige grond nie.

(ii) **Sonering**

Min soneringskemas in die Wes-Kaap onderskei tussen alternatiewe landelike grondgebruike. Om die volhoubare benutting van landboubronne binne die stedelike soomgebied te verseker, behoort munisipaliteite die bevindings van die Ruimtelike Beplanningsproses as basis te gebruik vir die sonering van gebiede waar sulke bronne (bv. grond, water, toegang tot markte) landboupotensiaal inhou.

(iii) **Onderverdeling**

Munisipaliteite moet die onderverdeling van grond vir landbouoelendes binne die stedelike soomgebied baie noukeurig moniteer en kontroleer. Waar daar voorgestel word dat grond onderverdeel word om kommersiële landbouhoewes te skep, moet verseker word dat die onderverdeelde grondgedeelte groot genoeg is om 'n ekonomiese boerdery-eenheid te onderhou. Waar daar voorgestel word dat grond onderverdeel word om projekgebaseerde landbouhoewes te skep, moet die onderverdeelde gedeelte groot genoeg wees om die projek se oogmerke te onderhou. Alhoewel aan deelnemers aan so 'n projek individueel grond toegeken mag word om op te boer, moet die totale eenheid waarop die projek gevestig gaan word, ongeskonde gelaat word. Die provinsiale Departement van Landbou kan munisipaliteite help om die minimum grootte van onderverdelings te bepaal wat toepaslik sal wees vir verskillende gewasse onder verskillende boerdery toestande.

(iv) **Kleinhoewes**

